

MY STEM

Wildsvleis-vergelyking met China verregaande

Deur **Fred Camphor**, Uitvoerende Hoof van die SA Jagters- En Wildbewaringsvereniging | 25 April 2020 00:00 | **Beeld**

Ek verwys na die twee berigte "Verbied wildsvleis eet in SA" en "SA wildsvleis is gesond" deur Elise Tempelhoff.

Sowat twee weke gelede het Tempelhoff 'n berig geskryf oor die impak van Covid-19 op die jagbedryf.

Ek het haar van inligting voorsien, soos dat die jaarlikse ekonomiese bydrae deur verbruiks jag alleen (doodgewone burgers wat jag en wildsvleis gebruik as alternatiewe bron van proteïen en rooivleis) in Suid-Afrika reeds meer as R8 miljard bedra.

Met die inligting tot haar beskikking behoort sy minstens ook die ander standpunt te stel oor waarom die verbruik van wildsvleis 'n reuse- ekonomiese bydrae lewer in die droër plattelandse en armer gebiede in Suid-Afrika en Afrika en ook waarom dit juis gesond is.

Wildsvleis van "vrylopende" diere wat sonder beperkings bestaan en leef, bevat bykans geen vet nie, is nie behandel teen parasiete nie en het nie groeistimulante ontvang nie. Dit verskaf dus 'n baie gesonder bron van proteïen as die vleis van produksiediere uit intensiewe voerkrale.

Ek sou ook verwag dat Tempelhoff sou berig dat die storie oor die risiko wat die verwerking van wildsvleis kan inhou vir werkers in die vleisverwerkingsbedryf bloot onwaar is.

Daar is bevestig dat die oorsprong van die nuwe koronavirus wel "wildmarkte" in Wuhan, China, is waar diere, reptiele en insekte lewendig aangehou en in onhygiëniese toestande geslag en geëet word. Asook dat dié spesifieke koronavirus waarskynlik van 'n vlermuis na die mens versprei het.

China is bekend daarvoor dat die "wildmarkte" en die gebruik van allerhande diere en insekte sonale siektes van diere na mense oordra. Voëlgriep, varkgriep en die ears-virus het hul oorsprong in China gehad.

Om die omstandighede en gebruik van diereproteïen uit China te vergelyk met Suid-Afrika en dit te beskou as 'n bedreiging vir werkers in die vleisverwerkingsbedryf is verregaande.

Meer oor: [Sa Jagters- En Wildbewaringsvereniging](#) | [Fred Camphor](#) | [China](#) | [Brief](#) | [Wildsvleis](#) | [Vergelyking](#)


Nog stories

Dieregroep wil jag stopsit, maar kenner sê wild is 'superkos'

'SA wildsvleis is gesond - nie soos in China'

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. 'Help, ons bloei dood,' sê sakelui
2. AfriForum doen regstappe oor isolasie
3. Veilige getalle in winkels 'nuwe normaal'
4. Weer in jou streek Saterdag
5. 'Pensioen-vakansie' kan pyn verlig



Stemme

Murray La Vita

Rubriekskrywer

Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.



Covid-19: Op soek na "n goeie dood'

Korona: 'Ons gaan julle help sterf'

15°C / **23°C**  **Het jy meer op die hart?**

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, 'n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid [hier](#).

0 Comments Network24  Disqus' Privacy Policy  Magda Naude ▾

 Recommend  Tweet  Share Sort by Best ▾



Be the first to comment.

 Subscribe  Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd  Do Not Sell My Data